

3 Augustus 2020

### **NAMPO/ALFA 2020 se lewendehawe-aanbieding**

Na 'n suksesvolle ALFA 2019 en die vooruitsig van 'n nuwe opwindende formaat met Nampo/ALFA 2020 het ons almal uitgesien na 'n besonderse jaar. Besonders was dit toe inderdaad, maar vir baie ander redes as wat ons verwag het! Die onsekerheid van die afgelope maande het dit baie moeilik gemaak om met die ALFA-gemeenskap te kommunikeer. Einde Julie 2020 is finaal besluit om NAMPO/ALFA 2020 as 'n lewendige aanbieding op Nampo Park weens die Covid-19 pandemie, te kanselleer. Die meerderheid van die lewendehawe projekte word in 'n aanlyn-formaat voortgesit, saam met 'n paar nuwe opwindende projekte. Die jag- en buitelewe komponent van Nampo/ALFA word egter uitgestel tot die volgende aanbieding van NAMPO/ALFA einde September 2021.

Nampo/ALFA 2020 se lewendehawe-program bestaan uit alles wat ALFA die afgelope vier jaar die grootste lewendehawe-gefokusde geleentheid in SA gemaak het. Daar is ook 'n paar nuwe toevoegings wat sekerlik groot belangstelling gaan wek. Vanjaar se sterk fokus op 'n aanlyn komponent lei waarskynlik 'n "nuwe normaal" in, aangesien biosekuriteitsmaatreëls in die toekoms al hoe belangriker gaan word. Verder pas dit 100% by die ALFA-konsep in om nuwe tegnologie en praktyke aan die veegemeenskap bekend te stel. Die program sluit al die verskillende veebedrywe in: Vleisbeeste, vleisskape, bokke, wolskape, suiwelbeeste, melkbokke, varke en wild. Dit is baie belangrik dat ons die momentum wat oor die afgelope vier jaar opgebou is, behou en om in hierdie moeilike tyd vir die veebedryf 'n positiewe aktiwiteit te skep.

Die NAMPO/ALFA program strek hierdie jaar effektief oor amper vier maande. Die eerste projekte het reeds afgeskop en die program word afgesluit met die NAMPO/ALFA 2020 wat al die hoogtepunte saamvat en 26 November 2020 op Agri Gauteng se Agri-kanaal aangebied word. Die program is effektief in 14 fokus-weke opgedeel wat struktuur aan die program gee. Daar is b.v. onder andere 'n veilings-, kleinvee-, grootvee-, slagvee-, wild-, suiwel- en jeugweek. Ook skakel hierdie program in met ander landbougeleenthede soos SA Stamboek se Logix-Elite prysuitdelings, SAMIC se nasionale prysuitdeling, MPO nasionale kongres, NAMPO virtueel en Agri Gauteng se aanlyn ekspo. Die laaste week, 24-29 November 2020, gee ons aan die Vriende van landbou, om ook aan hierdie verdienstelike organisasie blootstelling te gee.

Die lewendehawe projekte word in verskillende formate op verskillende platforms aangebied oor die res van die jaar. Die lewendige/aanlyn (Live-online) veilings word wel op Nampo park aangebied of vandaar uitgesaai. Alles word binne die beperkings en reëls van die Covid-19-inperkingsregulasies bestuur. Die onderskeie wenners sal hul sertifikate per pos ontvang en die borge sal aanlyn-blootstelling kry op verskeie aanlyn mediaplatforms. Die inhoud, opgewondenheid en samesyn sal steeds daar wees. Indien nie in persoon nie, dan op die rekenarskerm, op die selfoon en in die media!

Die kleinvee-, vleisbees- en suiwelprogramme gaan min of meer soos gewoonlik voort, die uitstallings word net vervang met video opnames en die geleenthede met aanlyn-uitsendings. Dit sluit al die prestasiekampioenskappe soos oa die BKB ram-prestasiekampioenskappe, die Nutri Feeds versprestasiekampioenskappe, die GWK nasionale suiwelvers-prestasiekampioenskap en al die Nutri Feeds Moneymaker nominasies in. Die "nuwe normaal" skep ook nuwe geleenthede. Ons bied oa. die jaar die eerste Zoetis aanlyn vleisbees-interrasskou en die eerste Barnlab aanlyn kleinveeskou vir verskillende rasse aan. Al die verskillende RPO interrass-karkaskompetisies en die Envarto vark-karkaskompetisie gaan almal voort asook die "Beef-brands" kampioenskap wat deur die SA Voerkraalvereniging (SAFA) en die Universiteit van die Vrystaat aangebied word. Dan is daar ook nuwe toevoegings soos die QPro Feeds se nasionale kleinveegroei-toets by die RFID kompleks van die Universiteit van Stellenbosch. Die aanlyn opsie maak al hierdie programme nou waarlik nasionaal toepaslik en ontgin geleenthede wat voorheen nie moontlik was nie.

Die propvol veilingsprogram sluit onder andere die nasionale Braunvies-veiling, die Noordkaap-veldramveiling en die aanlyn aanteelweveiling in wat almal deur GWK Veewinkel aangebied word. Die Exsell genetiese materiaalveiling is 'n nuwe, opwindende toevoeging en 'n Wildswinkel aanlyn, jagpakket veiling word ook aangebied. Alle veilings word tot 'n mindere of meerdere mate as aanlyn- lewendige (Live-online) veilings aangebied vanaf Nampo park en alle biosekuriteits- en Covid19-regulasies sal ten alle tye gevolg word.

Die jeugprogram word sleg benadeel, aangesien skole en universiteite soveel akademiese tyd verloor het. Dus kan daar nie 'n verdere dag opgeoffer word nie. Al die gewone ALFA-projekte gaan aanlyn voort. Dit sluit oa die Zoetis junior interraskampioenskap, die Toyota junior afslaaerskompetisie, die Voermol jeugskou en die Engen bemerkingskompetisie in. Omdat die jeug so 'n belangrike rol binne die ALFA-raamwerk speel en die leerders en studente waarskynlik nie ALFA sal kan bywoon nie, gaan ALFA na die skole en universiteite toe gaan: 'n FNB landbouskoolkonferensie saam met Agri Gauteng en die Plaas Landboujeug stigting asook 'n Santam studentekonferensie word ook beplan. Al hierdie jeugprojekte se onderhandelinge met die onderskeie naamborge is in verskillende stadiums van afhandelings en die projekte sal op verskillende datums vanaf 1 Oktober plaasvind, afhangende van wat met die skooljaar gebeur.

Die konferensies en werksinkels werk uitstekend op die verskillende aanlyn platforms en ALFA 2020 bied 'n vol program aan. Drie van die nuwe projekte gaan beslis die ALFA-filosofie na 'n nuwe vlak neem. In 'n kleinsake-ontwikkelingsprojek werk ALFA saam met die Kleinsakeontwikkelingsinstituut (SBI) om verdere betrokkenheid in die waardeketting te bevorder. Met die swak rand is uitvoere 'n belangrike manier om volhoubaar te wees. Daarom bied ALFA die eerste landbou in- en uitvoerwerksinkel saam met Waymakers en Agri Gauteng aan. Die Total-wildweek bied 'n reeks wildseminare oor 'n verskeidenheid onderwerpe, relevant tot almal wat in die wildbedryf belangstel. Hierdie werksinkels word aan saam met Agri Gauteng se Agri-kanaal aangebied en uitgesaai.

Die ALFA-span wat weer uit studente van Kopsies, Pukke en Tuks bestaan sal by al die projekte betrokke wees. Daar sal aanpassings wees soos ons aangaan en nuwe realiteite hanteer moet word. Niks gaan ons egter verhoed om voort te bou op dit wat ALFA die afgelope vier jaar geword het nie, in watter formaat ons dit ookal moet aanbied. Ons sal deurgans almal goed op hoogte hou.

Ons sien baie uit na almal se betrokkenheid by Nampo/ALFA 2020. Kontak ons gerus as daar enige spesifieke behoeftes of versoeke is wat U betrokkenheid sou vergemaklik.

Met dank

Albert Loubser,  
Organiseerder: Nampo/ALFA 2020 Lewendehaweprogram.